Die Voortrekkers

Die Voortrekkers Transvaal Prosedures rakende COVID-19

Datum: 22 Februarie 2021

Let daarop dat hierdie dokument deurlopend opgedateer en aangepas sal word soos nodig.
Die nuutste weergawe van die dokument sal op die webblad verskyn.

houKOERS!
transvaal.voortrekkers.co.za

1. Inleiding

Die Coronavirus word deur direkte kontak tussen mense, maar ook deur druppelbesmetting en aerosol van een persoon tot 'n ander oorgedra. Simptome is **koors, keelseer, hoes, loopneus, lyfseer, tamheid, braking en diarree.** Nie alle persone met die virus het noodwendig al die simptome nie en daar is ook 'n groot groep mense wat wel die virus onder lede het, maar absoluut geen simptome van die infeksie toon nie.

Die beste manier om infeksie te vermy, is om blootstelling aan die virus te voorkom of te beperk. Nuwe feite aangaande die siekte word daagliks ontdek en wêreldwyd word riglyne deurentyd aangepas en verander soos kennis oor COVID-19 verbeter.

2. Doel van dokument

Hierdie dokument is opgestel om riglyne te bied

a) rakende die hantering van COVID-19 en
b) die uitvoering van die riglyne soos deur die parlement bepaal.

Dit is nodig dat alle Voortrekkerbesture; spanoffisiere, organiseerders van aktiwiteite en kampbesture van Die Voortrekkers Transvaal hulle vergewis van die inhoud van die prosedures en ook handel volgens die riglyne wat deur staatskoerante gepubliseer word.

3. Voortrekkerbesture & Kampbesture

Hierdie protokoldokument is van toepassing op alle bestuursliggame, Voortrekkerlede en organiseerders van aktiwiteite binne Die Voortrekkers Transvaal.

4. Verwysings

Hierdie dokument is ondergeskik aan enige statutêre wetgewing en regulasies wat afgekondig kan word deur die Suid-Afrikaanse regering.

5. Voorkom/beperk verspreiding van COVID-19

Algemene riglyne ten einde die verspreiding van COVID-19 te voorkom/beperk:

1. Was hande gereeld en deeglik met seep vir minstens twintig (20) sekondes op ’n slag.
2. Gebruik handontsmettingsmiddels met ’n sewentig persent (70%)-alkoholbasis.
3. Nies en hoes in jou elmboog.
4. Moenie aan jou oë, neus of mond raak nie – dít is hoe die virus die liggaam binnekom.
5. Sorg dat voorwerpe en oppervlaktes waaraan daar dikwels gevat word, gereeld ontsmet en skoongemaak word.
6. Dra 'n goedgekeurde masker.
7. Handhaaf ‘n 1.5 – 2.0 meter sosiale afstand.
8. Voorkom samedromming in groepe.
9. Vermy nabye kontak met mense wat siek is.
10. Bly tuis indien jy siek is.
11. Vermy onnodige besoeke aan openbare plekke so ver as moontlik.
12. Brei jou kennis uit wat betref die siekte om sodoende jouself te bemagtig.

Waar kan ek die nuutste inligting kry?

- Bel die noodlynnommer (0800 029 999) in noodgevalle of gebruik die korona-WhatsAppdiens deur die woord “Hi” te stuur aan 060 012 3456.
- Vir datavrye, lewendige terugvoer oor die verwikkelinge in Suid-Afrika, besoek https://coronavirus.datafree.co/
- National Institute for Communicable Diseases (NICD) https://www.nicd.ac.za/diseases-a-z-index/covid-19/ Amptelike bladsy met goeie inligting oor alles verwant aan COVID-19 (wat dit is, simptome, toetsing, verslae, statistiek, protokolle en ander wenke). Goeie kort dokumente/plakkate is beskikbaar by hierdie skakel: https://www.nicd.ac.za/diseases-a-z-index/covid-19/infographics/
- Amptelike regeringswebblad oor COVID-19 https://sacoronavirus.co.za/ Deel statistiek, verslae (insluitend daaglikse verslae), inligting en ook regulasies (insluitend nuwe opdaterings)
- Afriforum webblad se afdeling oor COVID-19 deel inligting in Afrikaans. https://www.afriforum.co.za/korona-covid-19/

6. Prosedures vir Spanbyeenkomste

Met spanbyeenkomste word verwys na aktiwiteite wat in klein groepe (verkieslik 10 of minder) van verkieslik nie vir langer as twee ure kontaktyd gedurende die dag en buitemuurs aangebied word.

Gedurende spanbyeenkomste moet die volgende fundamentele maatreëls gehandhaaf word:

1. Die aktiwiteite moet Voortrekker gerig wees, dus gerig op graadwielwerk, spesialisasies, ens.
2. Alle byeenkomste moet volledig en korrek opgeteken word in die presensieregister. Elke persoon moet ‘n “skanderingsvraelys” en die register voltooi.
3. Alle samekomste moet kortliks ‘n COVID-19 gesprek insluit sodat persone bewus is van die reëls.
4. Almal moet ten alle tye hul masker dra.

5. Wanneer daar geëet of gedrink word en met die handhawing van sosiale afstand, mag maskers afgehaal word.
6. Goeie sanitering of was van hande met seep en water voor en na aktiwiteite moet verseker word. By elke bymekaarkompunt moet daar handreiniger beskikbaar wees.
7. Sosiale afstand moet te alle tye gehandhaaf word.
8. GEEN kontakspeletjies of -aktiwiteite of -sport word toegelaat nie.
9. Kampvure met saamsing en kuier word nie toegelaat nie, selfs al word maskers gedra en sosiale afstand gehandhaaf.
10. Indien simptome waargeneem word gedurende die aktiwiteit, moet die persoon die aktiwiteite/area onmiddellik verlaat.
11. Alle aanmeldings van siekte of moontlike COVID-19 simptome moet onmiddellik na die bestuur gekommunikeer word.
12. Indien iemand binne een (1) week na die aktiwiteit positief vir COVID-19 toets, moet die spanoffisier en kommandoleier ingelig word. Dit is die kommandoleier se verantwoordelikheid om die gebiedsleier en gebiedsekretaris in te lig.

7. Prosedures vir kommando-; oord en gebiedsbyeenkomste en aktiwiteite

Hierdie paragraaf verwys na byeenkomste en aktiwiteite van ongeveer twee (2) tot vier (4) ure. Gedurende hierdie byeenkomste word geen etes voorberei nie. Geen persone slaap oor nie.

Die gebruik van virtuele platforms word aangemoedig en waar moontlik moet kontakbyeenkomste beperk of vermy word.

Indien hierdie byeenkomste plaasvind moet die volgende fundamentele maatreëls gehandhaaf word:

1. Elke aktiwiteit moet ’n COVID-19 offisier hê om die reëls toe te pas. Die kommandoleier/aanbieder moet die persoon aanwys en dit aan almal kommunikeer.
2. Die aktiwiteite moet Voortrekker gerig wees, dus gerig op graadwielwerk, spesialisasies, vaardighede en onderrig, asook bestuursvergaderings.
3. Alle byeenkomste moet volledig en korrek opgeteken word in die presensieregister. Elke persoon moet ‘n “skanderingsvraelys” en die register voltooi.
4. Handreiniger moet tydens registrasie gebruik word deur alle persone.
5. Alle samekomste moet kortliks ‘n COVID-19 gesprek insluit sodat persone bewus is van die reëls.
6. Wanneer daar geëet of gedrink word en met die handhawing van sosiale afstand, mag maskers afgehaal word.
7. Goeie sanitering of was van hande met seep en water voor en na aktiwiteite moet verseker word. By elke bymekaarkompunt moet daar handreiniger beskikbaar wees.
8. Sosiale afstand moet te alle tye gehandhaaf word.
9. Elke lokaal wat vir groepaktiwiteite gebruik word, moet volgens regulasies gemagtig wees om aktiwiteite te verrig/aan te bied.
10. Sale en aanbiedingslokale se vensters moet deurgaans oop wees
11. Gereelde gebruikte areas moet daagliks in die oggend skoongemaak word met ’n reinigingsmiddel (deurhandvatsels, vensterknippe, badkamervloere, saalvloere en kombuisareas waar opgeskep en kos gemaak word)
12. GEEN kontakspeletjies of -aktiwiteite of -sport word toegelaat nie.
13. Kampvure met saamsing en kuier word nie toegelaat nie, selfs al word maskers gedra en sosiale afstand gehandhaaf.

14. GEEN besoekers word vir die duur van die aktiwitiet toegelaat nie. Slegs ingeskrewe en goedgekeurde aanbieders sal wel vir die duur van die aktiwiteit/aanbieding toegelaat word.
15. Indien simptome waargeneem word gedurende die aktiwiteit, moet die persoon die aktiwiteite/area onmiddellik verlaat.
16. Alle aanmeldings van siekte of moontlike COVID-19 simptome moet onmiddellik na die bestuur gekommunikeer word.
17. Indien iemand binne een (1) week na die aktiwiteit positief vir COVID-19 toets, moet die COVID-19 offisier/kommandoleier/organiseerder ingelig word. Dit is die kommandoleier se verantwoordelikheid om die gebiedsleier en gebiedsekretaris in te lig.

8. Algemene Prosedures

Die volgende prosedures is van toepassing op persone wat die terreine gebruik.

8.1 Kapasiteit

Kapasiteit word as volg bepaal:

- Vol kapasiteit = een (1) vierkante meter per persoon
- Kapasiteit indien persone sit (seating capacity) = vier (4) vierkante meter per persoon
- Kapasiteit indien persone beweeg (moving capacity) = nege (9) vierkante meter per persoon

Voorbeeld vir die bepaling van kapasiteit in ‘n lokaal met negentig (90) vierkante meter:

- Vol kapasiteit = negentig (90) persone
- Kapasiteit indien persone sit (seating capacity) = twee- en-twintig (22) persone
- Kapasiteit indien persone beweeg (moving capacity) = tien (10) persone

8.2 Gebruik van Toerusting

Enige toerusting, soos tafels, stoele wat gedurende ‘n aktiwiteite gebruik is, moet ten minste elke vier ure skoongemaak word met die nodige skoonmaakmiddels.

8.3 Oornagaktiwiteite

Geen aktiwiteite waar enige beweging binne die ure van aandklokreël plaasvind mag gehou word nie. Die aanbied van oornagaktiwiteite is onderhewing aan die regulasies wat op daardie bepaalde tydstip geld.

8.4 Kombuise

Hierdie gedeelte is van toepassing op die gebruik van kombuise by Voortrekkerterreine en Voortrekkersale. Die COVID-19 offisier moet verseker dat:

- Kombuis deeglik skoongemaak word voor en na gebruik.
- Slegs 50% van die kombuis mag op ‘n keer beset word. Indien verskillende kleiner groepe die kombuis gebruik, moet die kombuis en toerusting deeglik skoongemaak word tussen die gebruike.
- Streng gebruik van persoonlike beskermingsdrag (PPE) gedurende die voorbereiding van voedsel.

- Alle toerusting in die kombuis moet deeglik skoongemaak word na gebruik en in verseëlde houers gebêre word tussen gebruike.
- Geskikte ontsmettingsmiddel moet beskikbaar wees vir gebruik.
- Alle vensters moet oop wees vir goeie ventilasie.
- Enige ander regulasies soos per terrein of veiligheidsmaatreëls rakende kombuise moet nagekom word.

8.5 Bediening van etes

In die geval van klein groepaktiwiteite moet persone hul eie kos vir die dag voorsien. ‘n Afstand van 1.5 – 2.0 meter moet gehandhaaf word wanneer maskers afgehaal word om te eet. Die deel van voedsel, drinkgoed en eetgerei van enige aard, bv skyfies, versnapperings, deel van koeldrank uit dieselfde glas, ens. moet vermy word.

Aantree vir etes moet sonder samedromming geskied. Etes moet in klein groepe bedien word.

- Voortrekkers moet 1.5 – 2.0 meter uitmekaar staan;
- Handreiniger moet gebruik word;
- Afstandsmerke sal op die grond aangebring word.

Die gebruik van weggooibare of herwinbare eetgerei moet gebruik word ten einde persoonlike higiëne te bevorder.

8.6 Snoepie

Waar van toepassing, moet die snoepie volgens voorskrifte funksioneer om samedromming te voorkom. Die deel van voedsel, drinkgoed en eetgerei van enige aard, bv skyfies, versnapperings, deel van koeldrank uit dieselfde glas, ens. moet vermy word.

8.7 Skoonmaak van lokale

- Daagliks voor en ná aanvang van kursus.
- Met die ruiling van toerusting.
- Ná elke onderrigsessie.

8.8 Prosedure vir georganiseerde vervoer van persone na Voortrekkeraktiwiteite

- Soos per ooreenkoms met busmaatskappy.
- Alle persone se temperatuur moet gemeet word voordat hulle op die bus toegelaat word.

8.9 Take van COVID-19 offisier

Die COVID-19 offisier se take word verder omskryf in apart dokument beskikbaar op Transvaal webblad.

9. Prosedures vir Gesamentlike Aktiwiteite (dag aktiwiteite)

Hierdie paragraaf verwys na byeenkomste en aktiwiteite wat oor ‘n tydsduur langer as vier (4) ure strek. Gedurende hierdie byeenkomste kan ete’s voorberei word.

Waar moontlik kan in samewerking met AGL PD sake en AGL Verkennersake die aanbied van aanlyn/virtuele aktiwiteite gedoen word.

Indien ‘n dag aktiwiteit plaasvind, geld dieselfde maatreëls as per paragrawe 7 en 8, sowel as die volgende maatreëls:

1. Elke aktiwiteit moet ’n COVID-19 offisier hê om die reëls toe te pas. Die organiseerder moet die persoon aanwys en dit aan almal kommunikeer.

2. Elke aktiwiteit of kamp moet ’n volwasse persoon beskikbaar stel vir nodige noodhulp.

3. **Etes** word so bedien sodat sosiale afstand tydens ete toegepas word.
   a) Reinigingsmiddel moet gebruik word gedurende elke ete.
   b) Wanneer daar geëet of gedrink word en met die handhawing van sosiale afstand, mag maskers afgehaal word.
   c) Die gebruik van weggooibare of herwinbare eetgerei moet gebruik word ten einde persoonlike higiëne te bevorder.

4. Alle persone se temperatuur moet twee (2) keer per dag gemeet word en in die voorgeskrewe lyste aangeteken word. Die spesifieke tyd is ontbyt en aandete.

5. Sale en aanbiedingslokale se vensters moet deurgaans oop wees.

6. Elke badkamer moet handewasseep ontvang en die kampleier moet die was van hande op gereelde basis aanmoedig.

7. Volwasse lede moet ook by alle reëls van die kamp hou vir die volle duur van die kamp.

8. Kampers/deelnemers moet verseker dat maskers minstens daagliks gewas word of dat ’n skoon masker elke dag gebruik word.

9. **Kombuis**personeel moet ook verseker dat sanitasie deurgaans gedoen word en dat maskers gedra word wanneer kos voorberei word.

10. Gereelde gebruikte areas moet daagliks in die oggend skoongemaak word met ’n voorgeskrewe reinigingsmiddel (deurhandvatsels, vensterknippe, badkamervloere, saalvloere en kombuisareas waar opgeskep en kos gemaak word).

11. Kinders of volwassenes wie risiko siektes of toestande het word nie toegelaat om te kamp sonder ’n spesiale mediese sertifikaat van ’n mediese dokter nie.

12. Indien iemand COVID-19 simptome toon tydens die kamp sal die persoon onmiddellik deur die bestuur geïsoleer word en dan sal die persoon huis toe gestuur word met aparte vervoer.

13. Indien iemand binne een (1) week na die aktiwiteit positief vir COVID-19 toets, moet die COVID-19 offisier/organiseerder/kommandoleier ingelig word. Dit is die kommandoleier se verantwoordelikheid om die gebiedsleier en gebiedsekretaris in te lig.

10. Prosedures vir kommando-; oord en gebiedskampe (oorslaap aktiwiteit)

Kampprogramme moet “plooibaar” beplan word met ‘n Plan A (klein groepe; ergste scenario in terme van COVID; die “minimum” plan wat definitief uitgevoer kan word) asook ‘n Plan B (die opskallering van die klein plan op ‘n redelike kort tydlyn om meer mense te betrek indien inperkings-getalle skielik “verslap”).

Kampprogramme moet aangepas word dat gesamentlike aktiwiteite vermy word. Roosters vir gebruik van badkamers, etes ens moet opgestel en gehandhaaf word.

Indien ‘n kommando-; oord en gebiedskampe plaasvind, geld dieselfde maatreëls as per paragrawe 7 en 8, sowel as die volgende maatreëls:

1. Elke kamp moet ’n COVID-19 offisier hê om reëls toe te pas. Die kampleier/aanbieder moet die persoon aanwys en dit aan almal kommunikeer.

2. Alle kampers/deelnemers se temperatuur moet by registrasie gemeet en korrek opgeteken word in die presensieregister. Elke persoon moet ‘n “skanderings” vraelys en register voltooi.

3. Handreiniger moet tydens registrasie gebruik word deur alle persone.

4. Elke aktiwiteit of kamp moet ’n volwasse persoon beskikbaar stel vir die nodige noodhulp.

5. Sosiale afstand in **slaaplokale en tente**
    a) Sosiale afstand moet toegepas word sodat vyftigpersent (50%) of minder van die kapasiteit van ’n lokaal of tent gebruik word;
    b) Daar mag net 1 persoon op ’n stapelbedjie slaap;
    c) Offisiere slaaplokale en tente mag nie meer as vyftigpersent (50%) van die lokaal se kapasitiet oorskry nie.
    d) Slaaplokale moet deeglik ventileer en vensters moet vol oop wees in die dag en gedeeltelik in die nag.

6. **Etes** word so bedien sodat sosiale afstand tydens ete toegepas word.
    a) Reinigingsmiddel moet gebruik word gedurende elke ete.
    b) Wanneer daar geëet of gedrink word en met die handhawing van sosiale afstand, mag maskers afgehaal word.
    c) Die gebruik van weggooibare of herwinbare eetgerei moet gebruik word ten einde persoonlike higiëne te bevorder.

7. Alle persone se temperatuur moet twee (2) keer per dag gemeet word en in die voorgeskrewe lyste aangeteken word. Die spesifieke tyd is ontbyt en aandete.

8. Sale en aanbiedingslokale se vensters moet deurgaans oop wees.

9. Elke badkamer sal spesiale handewasseep ontvang en die kampleier moet die was van hande op gereelde basis aanmoedig.

10. Volwasse lede moet ook by alle reëls van die kamp hou vir die volle duur van die kamp.

11. Kampers/deelnemers moet verseker dat maskers minstens daagliks gewas word of dat 'n skoon masker elke dag gebruik word.

12. GEEN kontakspeletjies of -aktiwiteite of -sport word toegelaat nie.

13. Kampvure met saamsing en kuier word nie toegelaat nie, selfs al word maskers gedra en sosiale afstand gehandhaaf.

14. GEEN besoekers word vir die duur van die kamp toegelaat nie. Slegs ingeskrewe en goedgekeurde aanbiederssal wel vir die duur van die aktiwiteit/aanbieding toegelaat word.

15. Kombuispersoneel moet ook verseker dat sanitasie deurgaans gedoen word en dat maskers gedra word wanneer kos voorberei word.

16. Indien iemand COVID-19 simptome toon tydens die kamp, sal die persoon onmiddellik deur die bestuur geïsoleer word en moet die persoon so gou as moontlik/dadelik huis toe gestuur word met aparte vervoer.

17. Alle aanmeldings van siekte of moontlike COVID-19 simptome moet onmiddellik na die bestuur gekommunikeer word.

18. Indien iemand binne een (1) week na die aktiwiteit positief vir COVID-19 toets, moet die COVID-19 offisier/kampleier ingelig word. Dit is die kampleier se verantwoordelikheid om die gebiedsleier en gebiedsekretaris in te lig.

11. Kampterreine

Die terreinbestuurder moet alle veiligheidsmaatreëls ten opsigte van die terrein nakom.
Die gebruik van kampterreine en vrywarings is van toepassing

Kapasiteit word as volg bepaal:

- Vol kapasiteit = een (1) vierkante meter per persoon
- Kapasiteit indien persone sit (seating capacity) = vier (4) vierkante meter per persoon
- Kapasiteit indien persone beweeg (moving capacity) = nege (9) vierkante meter per persoon

Die Voortrekkers Transvaal onderneem om die volgende in plek te stel:

a) Die terreinbestuurder en personeel sal self die ontsmetting van die geboue en klaskamers behartig voor die aanvang van die aktiwiteit.
b) Die nodige persoonlike beskermingsdrag (PPE) aan werknemers van Die Voortrekkers Transvaal te verskaf;
c) Spesiale handewasseep en handreiniger met aanvang van aktiwiteite.

Die kampbestuur is verantwoordelik om

a) Handreiniger en handewasseep deurgaans te kontroleer en aan te vul deur die loop van die kamp/aktiwiteit.

d) Gereelde gebruikte areas sal daagliks in die oggend skoongemaak word met ’n voorgeskrewe reinigingsmiddel (deurhandvatsels, vensterknippe, badkamervloere, saalvloere en kombuisareas waar opgeskep en kos gemaak word).
e) GEEN besoekers word vir die duur van die kamp toegelaat nie. Slegs ingeskrewe kampers word toegelaat vir die duur van die kamp.

11.1 Hartbeesfontein

Die volgende is van toepassing rakende die kapasiteit van Hartbeesfontein:

	Vol kapasiteit = 1 vierkante meter per persoon	50% Kapasiteit = 1 vierkante meter per persoon
Getalle per slaaplokale		Een persoon per stapelbed
Getalle per saal	500	250
Getalle per kursus lokale (Vlakvark; Bosvark; Jakkals, Meerkat, Springbok)	20	10
Getalle per kursus lokale (Koedoe, Steenbok, Duiker, Zebra)	40	20
Getalle per boskamp	40 - 50	20 - 25
Getalle per skietgat	40 - 50	20 - 25
Getalle per swembad	30 - 40	15 - 20
Getalle per Badkamers – Volwasse area		Maksimum van 6 persone op ‘n keer in die badkamer
Getalle per Badkamers – Jeuglede		4 tot 7 persone per badkamer met ‘n maksimum van 12 persone op ‘n tydstip
Getalle per tafel		2 persone per tafel

11.2 De Bank

Die volgende is van toepassing rakende die kapasiteit van De Bank:

	Vol kapasiteit = 1 vierkante meter per persoon	50% Kapasiteit = 1 vierkante meter per persoon
Getalle per houthuisies		Een persoon per stapelbed
Getalle per saal	200	100
Getalle per groot huis		Een persoon per stapelbed
Getalle per chalet & Visserman huisie		Een persoon per stapelbed/bed
Getalle per swembad	25 – 30	10 - 15
Getalle per Badkamers – Volwasse area		Maksimum van 4 persone op ‘n keer in die badkamer
Getalle per Badkamers – Jeuglede		4 tot 7 persone per badkamer met ‘n maksimum van 12 persone op ‘n tydstip
Getalle per tafel		2 persone per tafel